basic education

Department:
Basic Education
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

| PUNTE | |
|---|---|

**JAARLIKSE NASIONALE ASSESSERING 2014**
**GRAAD 4 AFRIKAANS HUISTAAL**
**TOETS**

**PUNTE: 50**

**TYD: 1½ uur**

**PROVINSIE**________________________________________

**DISTRIK** ________________________________________

**STREEK** ________________________________________

**NAAM VAN SKOOL** ____________________________________

| EMIS NOMMER (9 syfers) | | | | | | | | | |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**KLAS (bv. 4 A)** ____________________________________

**VAN** ____________________________________________

**NAAM**____________________________________________

| GESLAG (✓) | SEUN | | DOGTER | |
|---|---|---|---|---|

| GEBOORTEDATUM | C | C | Y | Y | M | M | D | D |
|---|---|---|---|---|---|---|---|---|

**Die toets bestaan uit 15 bladsye, die voorblad uitgesluit.**

| **Instruksies aan die leerder** | |
|---|---|
| 1. | Lees al die instruksies noukeurig deur. |
| 2. | Beantwoord al die vrae in die spasies wat voorsien word. |
| 3. | Die toets duur 1½ uur. |
| 4. | Die onderwyser(es) sal jou deur die oefenvoorbeelde lei, voordat jy met die toets begin. |
| 5. | Skryf netjies en leesbaar. |

**Oefenvoorbeelde**

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Koeie gee vir ons ...

A kaas.

B botter.

C melk.

D roomys.

Jy het die vraag korrek beantwoord indien jy (C) omkring het.

2. Die onderstaande paragraaf beskryf wat Mary elke oggend doen voordat sy skool toe gaan.

Skryf die sinne in die onderstaande blokkies oor in die korrekte volgorde.

**Sinne**

Nou is sy reg om skool toe te gaan. Mary skrik wakker en klim uit die bed. Sy kom betyds by die skool aan. Sy was haarself en trek haar skoolklere aan.

| 1. |
|---|
| 2. |
| 3. |
| 4. |

Jy het dit korrek gedoen as jy die sinne in die volgorde soos in die onderstaande blokkies geskryf het.

**Antwoorde**

| 1. Mary skrik wakker en klim uit die bed. |
|---|
| 2. Sy was haarself en trek haar skoolklere aan. |
| 3. Nou is sy reg om skool toe te gaan. |
| 4. Sy kom betyds by die skool aan. |

**Die toets begin op die volgende bladsy.**

**AFDELING A: LEES EN KYK**

Lees die koerantartikel en beantwoord dan vraag 1-10.

# KINDERWEEKBLAD

**06 September 2014**



## Hoofopskrif

Harold Khoza, `n tienjarige van Kaapstad, het `n nuwe rekord opgestel deur die meeste Engelse boeke in een jaar te lees. Hierdie begaafde seun is reeds op die vroeë ouderdom van vyf jaar deur sy moeder, Jabu Khoza, aangemoedig om te lees. Sy het elke aand voor slapenstyd vir hom `n storie gelees.

Aan die einde van die skooljaar het die onderwyser aan die hele klas gevra hoeveel boeke hulle deur die loop van die jaar gelees het. Harold het die meeste boeke, 50 gelees. Hy het `n trofee en `n geskenkbewys van `n boekwinkel ontvang.

"Ek glo dat kinders by positiewe rolmodelle moet leer. Nie almal is gelukkig genoeg om ondersteuning van hulle familie te kry nie," het Harold gesê. Wat sy sukses nog meer besonders gemaak het, is dat hy slegs vier jaar formele skoolopleiding in Engels gehad het. Sy moedertaal is eintlik isiZulu en nie Engels nie.

"Ek is baie trots op hom. Sy gunsteling plek is die biblioteek. Hy spandeer baie middae en Saterdae daar. Eendag, sal ons ons eie biblioteek hê," het sy ma gesê. Sy kyk hartseer na die eenvertrek-huis wat sy en Harold deel.

Die lees van boeke het gehelp om Harold `n baie skrander seun te maak. Hy is nou in staat om sy eie projekte en take te doen sonder veel hulp van sy onderwysers. Hy is ook altyd bereid en gewillig om sy maats te help.

Deur Val Green

[Verwerk uit die artikel: *'Thirteen year old boy takes the literary world by storm'* ]

1. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Watter opskrif is die gepaste om die artikel te beskryf?

A Jong Seun Presteer in Lees

B Jong Seun Presteer in Hardloop

C Jong Seun Presteer in Sokker

D Jong Seun Presteer in Drama (1)

2. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wie het die artikel geskryf?

A Ray Ruby

B David Paul

C Jabu Khoza

D Val Green (1)

3. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

3.1 Wanneer het die onderwyser die klas gevra hoeveel boeke hulle gelees het?

A Aan die begin van die tweede kwartaal

B Aan die einde van die skooljaar

C Aan die einde van die derde kwartaal

D Aan die begin van die jaar (1)

3.2 Waar woon Harold en sy ma?

A in Kaapstad

B in Port Elizabeth

C in Pietermaritzburg

D in Centurion-Wes (1)

4. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

Wat is die belangrikste boodskap wat ons uit hierdie artikel leer?

A Lees is belangrik vir die leerproses.

B Om kompetisies te wen, is belangrik.

C Lees is slegs vir ou mense.

D Jy moenie baie boeke lees nie. (1)

5. Skryf jou antwoord in `n volsin neer.

Hoekom het Harold `n trofee en `n geskenkbewys ontvang?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (1)

6. Skryf jou antwoord in `n volsin neer.

Wat maak Harold se sukses so besonders?

______________________________________________________________________

______________________________________________________________________ (2)

7. Skryf jou antwoord in `n volsin neer.

Hoe het jy gevoel toe jy die artikel gelees het?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)

8. Wat dink jy, gaan Harold met sy geskenkbewys koop?

______________________________________________________________

______________________________________________________________

______________________________________________________________ (1)


9. Soek `n woord in die artikel wat dieselfde beteken as vriende.

____________________________________ (1)

10. Soek `n woord in die artikel wat die teenoorgestelde beteken as negatiewe.

____________________________________ (1)

Lees die onderstaande inligtingsteks en beantwoord dan vraag 11–15.



Liewe Leila

Jy word uitgenooi om deel te hê aan die pret by

Diana se 10de Verjaarsdag Verrassing Partytjie ☺

Tyd: 15:00

Datum: Saterdag, 20 September 2014

Plek: Gemeenskapsaal

Kleredrag*: Trek asseblief Diana se gunstellingkleure aan:* rooi en swart

Baie liefde

Sally (Diana se suster)



11. Omkring die letter van die korrekte antwoord.

11.1 Wie het die uitnodiging aan Leila gestuur?

A Diana

B Siann

C Sally

D Mbali (1)

11.2 Op watter dag en hoe laat sal die partytjie begin?

A Saterdag om 15:00

B Sondag om 15:00

C Saterdag om 18:00

D Sondag om 17:00 (1)

12. Watter tipe inligtingsteks is hierdie?

A `n e-pos

B `n doodsberig

C `n uitnodiging

D `n joernaal (1)

13. Watter woord sê vir ons dat die partytjie by die Gemeenskapsaal sal wees?

A verrassing

B uitnodiging

C partytjie

D plek (1)

14. Skryf jou antwoord in `n vol sin neer.

Watter kleure moet Leila na die partytjie aantrek?

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

15. Skryf jou antwoord in `n volsin neer.

Hoekom dink jy, het Sally vir Leila gesê dat dit `n verrassingspartytjie is?

____________________________________________________________

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

16. Die onderstaande paragraaf sê vir ons hoe om `n koppie warm sjokolade te maak.

Skryf die sinne oor in die onderstaande spasies in die korrekte volgorde.

Skep dan twee teelepels sjokoladepoeier in `n beker. Meng en laat toe om af te koel en geniet. Eerstens, kook `n koppie water in `n ketel. Gooi die kookwater en `n klein bietjie melk in die beker.

| | |
|---|---|
| 1 | |
| 2 | |
| 3 | |
| 4 | |

(2)

**TOTAAL AFDELING A: 20**

**AFDELING B: TAALSTRUKTUUR**

17. Skryf die onderstaande sin oor en gebruik die korrekte punktuasie.

hoe oud is mark kelly

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (2)

18. Skryf die sinne oor in die korrekte tyd.

18.1 Verander die volgende sin van die verlede tyd na die teenwoordige tyd.

Harold het `n trofee ontvang.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

18.2 Skryf die volgende sin oor in die verlede tyd.

Nicole help haar vriende by die skool.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

18.3 Skryf die volgende sin oor in die toekomende tyd.

Sonalia lees `n boek.

____________________________________________________________

____________________________________________________________ (1)

19. Skryf die meervoudsvorm van die onderstreepte woorde in die onderstaande sinne.

19.1 Suid-Afrika het baie <u>skool.</u>

________________________________ (1)

19.2 Daar is baie <u>kind</u> in Graad 4.

hy

________________________________ (1)

20. Skryf die korrekte vorm van die byvoeglike naamwoord tussen hakies neer.

Noluthando is die (stout) meisie in die klas.

________________________________ (1)

21. Voltooi die onderstaande sin deur die korrekte voorsetsel in te vul.

Mevrou Chetty woon ________________ Kaapstad. (1)

22. Kies `n voorvoegsel uit die onderstaande blokkies om die korrekte vorm van die onderstreepte werkwoord te gee. Skryf die nuwe woord onder die sin, neer.

| | | |
|---|---|---|
| her | be | voor |

Die seun moet sy moeilike ondervinding aan die klas <u>skryf</u>.

________________________________ (1)

23. Kies die korrekte werkwoord tussen hakies om die sin te voltooi. Skryf jou antwoord in die spasie wat voorsien word.

Die seun het ___________ (onthou/geonthou) om die hond kos te gee. (1)

24. Omkring die letter met die korrekte bywoord om die onderstaande sin te voltooi.

Die leerlinge het die klaskamer (sag) binnegekom.

A sagter

B sagste

C saggies

D sagte (1)

25. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Watter woord in die onderstaande sin is `n byvoeglike naamwoord?

Die kinders teken `n geel trok.

A kinders

B geel

C trok

D teken (1)

26. Omkring die letter met die korrekte antwoord.

Kies die korrekte besitlike voornaamwoord om die onderstaande sin te voltooi.

Die babas speel met _____________ speelgoed.

A hare

B myne

C hom

D hulle (1)

27. Omkring die letter met die korrekte voegwoord om die sin te voltooi.

Die leeu het die muis gejaag __________hy honger was.

A want

B terwyl

C omdat

D sodat (1)

**TOTAAL AFDELING B: 15**

**AFDELING C: SKRYF**

28. Hier is `n **dialoog** tussen `n onderwyser en `n leerder op die eerste skooldag. Voltooi die dialoog deur by te voeg wat die leerder sê.

Die antwoorde op die vrae mag nie minder as **vyf** tot **ses** woorde wees nie. Antwoorde moet in volsinne wees. Gebruik die korrekte taal, spelling en punktuasie.

Onderwyser: Wat is jou naam?

Leerder:____________________________________________________________

____________________________________________________________

Onderwyser: Wat is die naam van een van jou vriende?

Leerder:____________________________________________________________

____________________________________________________________

Onderwyser: Hoe kom jy by die skool?

Leerder:____________________________________________________________

____________________________________________________________

Onderwyser: Aan watter sportaktiwiteite neem jy deel?

Leerder:________________________________________________________

________________________________________________________

Onderwyser: Wat wil jy eendag word wanneer jy klaar studeer het?

Leerder:________________________________________________________


________________________________________________________ (5)

29. Skryf `n storie en beskryf wat in die onderstaande prentjie gebeur.

Skryf **TWEE** paragrawe van **VYF** sinne elk.

Punte sal toegeken word vir inhoud en taalgebruik.

Gebruik die korrekte punktuasie, spelling en taal.



(10)

**TOTAAL AFDELING C: 15**

**GROOTTOTAAL: 50**

Puntetoekenning vir Vraag 29

Verwys na die Memorandum vir riglyne en puntetoekenning.

| **VRAAG** | **KRITERIA** | **PUNT** | **LEERDER SE PUNT** |
|---|---|---|---|
| 29.1 | Struktuur | **2** | |
| 29.2 | Inhoud | **4** | |
| 29.3 | Taal | **4** | |
| **TOTAAL** | | **10** | |